*Dinsdag* **18 November**

**Skrifgedeelte: Johannes 3:1-18**
**Fokusgedeelte: Johannes 3:3 (AFR83)**

**Jubel in die Here omdat Hy jou nuutgemaak het**

Nikodemus – gesiene kerkman en Fariseër! Die Fariseërs was vyandig teenoor Jesus. Tog dryf iets vir Nikodemus na Jesus. Hy gaan in die nag sodat niemand hom sien nie. Wat wil hy by Jesus gaan doen? NEE – dit is Jesus wat hom in liefde nadertrek.

Skaars begin Nikodemus praat, of Jesus sê vir hom: As jy nie nuut gebore word nie, kan jy die koninkryk van God nie ingaan nie. As jy die Here se kind is, trek Hy jou nader. Hy maak sy kinders nuut, so drasties, asof jy weer gebore word. Hy plaas jou op die pad van die lewe. Die belangrikste in jou lewe word ’n lewe met God; om Hom te behaag; word die middelpunt van jou lewe.

Wat ’n ontnugtering vir Nikodemus. Hoe is dit moontlik om nuut gebore te word? Nie strenge wetsonderhouding nie! Die ou Nikodemus moet doodgaan. Hoor die aandwind daarbuite Nikodemus, jy weet nie waarvandaan hy kom en waarheen hy waai nie. So werk die Gees ook ongesiens. Jy word minder, en die Here meer. Jy word ’n soekende mens, ’n leerling aan die voete van Jesus. Omdat Hy jou liefhet, kweek Hy by jou ’n liefde en ’n behoefte vir Hom.

Daardie nag se gesprek met die Here het die vrugte van die Gees gedra. Johannes 19: Niks keer Nikodemus meer nie. Jesus het gesterwe aan die kruis. Nikodemus bring ’n oorvloed speserye vir die Here se begrafnis. Sy Here se dood keer hom nie, hy is brandende hier binne. Met Jesus se dood is dit met Hom en sy koninkryk nie verby nie. Niks kan hom nou van die liefde van Christus skei nie, nie lewe of dood of enige mag nie. Nikodemus is nuut gemaak. Die nuwe Nikodemus jubel oor die lewe wat hy in die sterwe van Jesus gevind het. Christus triomfeer jubelend oor sy en oor jou lewe.

*Sing: Skrifberyming 8-1:1, 2*

*Ds. HJ (Hennie) Briel (Kimberley/Boshof)*